


## Leraarspos—Grootkerk

**Beroepingsproses**:

Die volgende fase in ons beroepingsproses breek nou aan met die besoeke van die predikante op ons kortlys.

Graag heet ons ds Ben van Tonder en sy vrou Sanet hartlik welkom hier by ons in vertroue dat hulle kuier by ons vir hulle 'n positiewe ervaring sal wees. Dankie vir jou aansoek, ds Ben, wees verseker dat ons dit opreg waardeer. Mag die Here se seën ryklik rus op jou boodskap vandag, op jou bediening vorentoe en op julle as gesin.

## Christo Wooding

Ons het weer 'n nuusbrief van die sendeling, Christo Wooding van Kokstad ontvang. Kontak gerus die kerkkantoor vir 'n afskrif daarvan.

## Verjaarsdae :

**23 Oktober**—Milona Dorfling, Gertjie Ferreira
**24 Oktober**—Stephan Vorster
**25 Oktober**—Elize Conradie, Arnu Grassman, Elre van der Westhuizen
**27 Oktober**—Carl Heydenrych, Andries Steenkamp, Henry Thomson
**28 Oktober**—Jackie Harmse
**29 Oktober**—Rudi de Vos, Katie Jansen

## Dankbaarheidsfees 2016

Hierdie gemeente is op 11 November 2016 reeds 224 jaar oud! Deur die Heer se genade hou Hyself die kerk instand oor meer as twee eeue. Ons gaan DV 'n Dankbaarheidsfees hou op Sondag 13 November 2016. Lidmate word uitgenooi om saam op die kerkterrein te kom eet (kos word deur die kerkraad voorsien) en saam te kuier. Ons gaan ook daardie Sondag almal die kans kry om vir iets spesiaals dankie te sê. Simbolies plaas ons 'n bedrag in 'n koevert (wat voorsien word) as 'n spesiale offer van dank aan ons Heer. Dis privaat maar sal jy asb op die koevert skryf waarvoor spesifiek jy dankbaar teenoor ons Hemelse Heer is? Koeverte sal vanaf 30 Oktober by eredienste beskikbaar wees.



**Sondag : 23 Oktober 2016**
09:30 Erediens GK (Nagmaal)
Kollekte : Pastoriestraat Tehuis
**Dinsdag : 25 Oktober 2016**
18:00 Beroepingsvergadering
**Donderdag : 27 Oktober 2016**
18:00 Kerkraadsvergadering
**Sondag : 30 Oktober 2016**
09:30 Erediens GK (Ds Ben Fourie van Bybelgenootskap)
Kollekte : Bybelgenootskap
18:00 Erediens te Adendorp

## Funksie vir Bejaardes



Baie welkom aan almal bo 65 jaar jonk!
Ons funksie word gehou in November 2016 (finale datum sal gedurende die week bevestig word)—kaartjies word vanaf 30 Oktober deur kerkraad uitgedeel of kom kry self dit by die kerkkantoor—bywoning gratis, maar kaartjie gee toegang—ons moet die regte getalle kry ter wille van die spysenering.

**Grootkerk Bankbesonderhede**
NG Grootkerk, FNB, Takkode : 210216,
Rek No. : 62438198930



## Belydenis van Geloof

Sondag, 20 November 2016 is die eerste geleentheid vir die huidige belydenisklas om hul geloof in die Here Jesus in die openbaar te kom bely. Die oggenddiens sal gesamentlik in Nuwekerk se gebou wees en 'n spesiale aandnagmaal word om 18:30 in Grootkerk

## GLOBAL LEADERSHIP SUMMIT [GLS]

**'n Geleentheid in 'n leeftyd!**

Willow Creek SA maak deelname aan die wêreldbekende leierskapsopleiding, **GLOBAL LEADERSHIP SUMMIT [GLS]** d m v 'n tele-uitsending vir ons moontlik hier op ons voordeur.

Die oorhoofse doelwit van die opleidingsgeleentheid is die ontwikkeling en bevordering van bybelse leierskap in kerke en gemeenskappe. Vaardighede soos spanwerk, bemagtiging, prioritisering, buigsaamheid, beginselvastheid en visionering word geslyp.

**Plek**: Botanies
**Datum**: Vrydag 4 en Saterdag 5 November
**Koste**: R400 pp, leerlinge R350 – sluit 2 ligte middagetes en verversings in

Registreer by www.willowcreeksa.co.za of skakel met past Richard Bremner by 083-778 7639. Jy kan hom ook epos by karoocommunitychurch@telkomsa.net.

## *Ons vier vandag die Nagmaal*



Ons geniet die feesmaal saam as simbool van ons Heer Jesus se lewe wat Hy as geskenk aan ons gegee het sodat ons nuwe lewe kan kry. Mag ons elkeen vandag opnuut die begeerte ontwikkel om die nuwe lewe voluit te leef.

## Kennisgewing van vergaderings

Neem asb. kennis van die **Beroepings-vergadering** op Dinsdag, 25 Oktober om 18:00 en **Kerkraadsvergadering** op Donderdag, 27 Oktober om 18:00 in die konsistorie.

## Kerspakkies vir Bejaardes



Ons nooi u graag uit om deel te neem aan ons kersprojek om hierdie Kersfees aan ons bejaardes te wys hoe spesiaal hulle vir ons is! Die geskenke kan bestaan uit 'n skoendoos met die volgende in : Tan-

23 Oktober 2016

**Baie welkom in die erediens!**

Ds Ben van Tonder lei die diens vanoggend.
Mag die Heer Sy Seën oor ons uitgiet vandag.

Teks : Mat 22:34-40

**"Die kerk se DNA"**



# GROOTNUUS

www.nggrootkerk.co.za / www.facebook.com/Grootkerk

Sedert 11 Nov 1792

